# SUID-KAAP BONSMARAKLUB

SWIFT VEE
Bid Online
www.swiftvee.com

BONSMARA SA

# SWARTSHOEK BONSMARA

## SATERDAG 2 SEPTEMBER 2023 | 11:00 | OUTENIQUA VEILINGSKOMPLEKS, GEORGE



**LOT 2 - HBT 20-0056**

'n Sterk bul om Swartshoek Bonsmaras se aanbieding op die veiling mee te begin. Hy dra al die goeie vleis eienskappe en het 'n mooi toplyn. Hy het baie goeie breedte en diepte.



**LOT 11 - HBT 20-0064 (Pp)**

As jy groei en die Poena geen in jou kudde wil inbring, is hierdie die bul om te gebruik. 'n Donker breë bul wat ook op verse gebruik kan word.



**LOT 12 - HBT 20-0136**

'n Groter raam bul met goeie groei. Hy het goeie bespiering en is breed oor die skouers. As jy speenkalwers wil produseer is hierdie die bul om te gebruik.



**LOT 17 - HBT 20-0119**

Hierdie bul kan met gemak op verse gebruik word. Bul met ongelooflike vel en haar en konstitusie. Op enige veld sal hierdie bul sy kondisie hou. Die beste beskrywing van hierdie bul is dat dit 'n netjiese bul is.




**LOT 5 - HBT 21-0016**

Hierdie mediumraam bul het goeie lengte, diepte en breedte. Hy is manlik met sterk kop en bek. Hy is 'n donkerrooi bul wat dadelik die oog vang. As jy breë dik kalwers wil teel is hierdie die bul om te gebruik. Hy kan met gemak op verse gebruik word en het 'n speenkalf waarde van 112. Ek sien hierdie bul as 'n potensiële stoetvaar.



**LOT 6 - HBT 20-0109**

Hierdie bul het lengte en 'n sterk agterkwart asook 'n sterk kop en bek met mooi balans. 'n Korrekte bul wat in enige kudde 'n verskil sal maak. Moenie die kans misloop om hierdie top bul te kry nie.



**LOT 19 - HBT 21-0011**

'n Baie mooi gebalanseerde bul wat met gemak op verse gebruik kan word. Bogemiddeld vir speenkafproduksie.



**LOT 10 - HBT 20-0010 (Pp)**

'Hierdie is 'n bul wat die oog vang. Die bul het ongelooflike kwaliteit met diepte, uitstekende vel en haar, mooi gevormde testes en kort skede. As jy poenskop gene in jou kudde wil inbring is hierdie 'n goed gebalanseerde bul om dit mee te doen. Ek het self ook hierdie bul in my kudde gebruik.



**LOT 18 - HBT 21-0004**

Hierdie is baie korrekte en gebalanseerde bul en ons beveel hom aan om op verse te gebruik. Die bul het goeie kloue, 'n sterk kop en reguit toplyn, 'n baie mooi houding en gemaklike gang.



**LOT 24 - HBT 21-0019**

'n Groter raam bul met goeie groei. Hy het goeie bespiering en is breed oor die skouers. As jy speenkalwers wil produseer is hierdie die bul om te gebruik.

BKB
LEWENDEHAWE & AFSLAERSDIENSTE